

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 234

(Geen datum)

Die Here verhoor uit liefde!

* * * * *

"Verhoor my, Here, my God."

(Psalm 13:4)

"Ek roep na God om hulp en Hy luister na my."

(Psalm 18:7)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Alles loop skeef

Wanneer laas was daar in jou lewe 'n krisis?

Kan jy nog onthou hoe jy in die krisis opgetree het?

Dit mag wees dat jy terwyl ek nou met jou praat in 'n krisis gedompel is.

'N VOORBEELD?

Jy het so pas van die dokter se spreekkamer af teruggekom.

Jy was daar vir 'n gewone roetine ondersoek.

Jy kan nou nog voel hoedat die diagnose van die dokter jou soos 'n voorhamerhou tussen die oë geslaan het: Meneer, mevrou ek vermoed dis kwaadaardig. Jy moet vir toetse na die spesialis gaan.

Jy kan dit nog so goed onthou asof dit gister gebeur het:

- Jy kon dit nie glo nie. Dit kan nie waar wees nie. Dit gebeur mos met ander mense!
- Maar die bewys is daar — die dokter se brief wat jy aan die spesialis moet gee.

REAKSIE . . . !

Onthou jy nog die spanning en bekommernis?

- Die slapelose nagte van omrol en rondrol terwyl die horlosie die sekondes soos ure aftik?
- Die gedagtes wat maar net in een kamp bymekaar gejaag word
 - sê nou maar dit is so?
 - Bedags weer het jy met kommer in jou hart rondgeloop. As dit so is, wat gaan van my word?

O, Here, waarom?

- Waarom tog die siekte?
- Waarom moet die skaduwee van die dood juis nou oor my lewe val?

Onthou jy die geloofstryd wat jy daarna moes deurworstel? Jy het so vuriglik gebid en die verhoring het uitgebly. Die uitslag was toe wel – KANKER !!

Dis in die tyd wat jy gevoel het:

- God het van my vergeet;
- Hy het Sy kop vir my weggedraai;
- Hy wil nie eers na my kyk nie;
- Hy het my eenkant toe gestoot . . . my gelos;
- Ek voel van God verlate.

Waarom leef ek nog?

Koning Dawid het ook op 'n keer so gevoel.

"Hoe lank is ek van hulp ontbloot,
my God, in u gedagtes dood?
Hoe lank sal ek in donkerhede
geen antwoord hoor op my gebede,
en ongetroos wees in die nood?" (Ps. 13:1 berymd)

Al voel Dawid of die Here nie die Here van hom verhoor het nie, het hy aangehou om te bid:

"O Heer, my God, sien my tog aan wil my ellende gadeslaan;" (Ps. 13:3 berymd)

Dawid bly op sy knieë.

Hy het nie opgehou om te bid nie.

Kyk wat het in sy lewe gebeur; eers kla hy dat God hom vergeet het, nou dank hy God vir sy weldade. En dit terwyl daar niks aan sy uiterlike nood verander het nie. Ondanks die krisis juig en jubel dit in hom oor God se genade.

As dinge vir jou te veel word: bid!

As die krisis nie verdwyn nie moet jou gebed ook nie verdwyn nie. Jy moet steeds bly bid.

So op jou knieë, sal jy ook die wonder ervaar dat God, ondanks jou siekte, jou Sy vrede skenk wat alle verstand te bowe gaan.

— ***Ds. Fanie Grobler***

Jy moet opreg bid

Bid jy nog?

Bid jy uit die dieptes van jou hart?

Bid jy onbevange soos 'n klein hulpelose kindjie?

Hierdie vrae is belangrik omdat jy moontlik verkeerd kan bid. In Jakobus 5 waarsku die Here ons baie duidelik:

"... julle hét nie, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle verkeerd bid."

Jy moet bid, maar jy moet opreg bid.

Hoor net hoe bid Dawid in Psalm 13:4 as alles eenvoudig met hom verkeerd loop:

"Aanskou tog, verhoor my, HERE, my God!"

Hy bid tot die HERE, wat Hom in die geskiedenis bekend gemaak het aan Abraham, Isak en Jakob.

- *Hy is die Skepper en Onderhouer van die hemel en die aarde en alles daarop.*
- *Hy is die getroue God vir sy kinders van geslag tot geslag.*

En as Dawid tot Hom bid noem hy Hom: **"MY GOD"**.

Dawid bid: **"AANSKOU TOG"**.

Letterlik vertaal sê hy: "Here, kyk na my. Sien my aan soos ek is. U het my gemaak en U kan my deur en deur sien. Vir U kan ek niks wegsteek nie. Voor U help dit my niks om my anders voor te doen nie."

Dawid, die groot koning, kom hier as klein, nietige en afhanklike mens tot God in gebed.

Hy bid ook: **"VERHOOR MY"**.

Kom jy ook agter dat dit nou iets meer word as net bid.

Dit word 'n smeekroep, soos van iemand wat sy nood ken, maar ook weet waar sy hulp vandaan kom. Hy weet God leef en Hy is 'n Verhoorder van gebede. Hy twyfel nie daaraan nie, daarom bid hy dit baie bepaald: "Verhoor my".

In hierdie gebed was daar vir Dawid niks om op terug te val nie, behalwe dat hy hom geheel en al in die gebed oorgee aan die Here sy God. Hy doen dit dan sonder enige voorbehoud.

- Dit is hoe jy en ek ook alleen kan en moet bid. Daarvoor het Jesus Christus na hierdie wêreld gekom om sy kinders van hulle sondes te verlos. Hy het alles gedoen om ons weer met God te versoen.
- Glo jy in Hom as jou HERE en jou GOD?

Jy en ek het in onself niks om op te roem as ons wil bid nie. Ons doen elke dag sonde. Dit bring ook deels al die moeite en swaar oor ons lewe. Eers deur in Christus te glo as jou Verlosser en Middelaar kan jy op grond van Sy verdienste nou met sekerheid bid en God sal jou ook verhoor.

- Glo en bid.
- Buig laag neer voor God en kom met 'n opregte hart.
- Bid en moenie twyfel nie.
- God is in Christus 'n Verhoorder van gebede.

— Ds. Sarel Cilliers

Verlig my oë!

"Here my God! Verlig my oë . . . "

". . . op U goedertierenheid vertrou ek" (Ps. 13:4, 6) In hierdie versies van Ps. 13 tref ons 'n merkwaardige wending aan in die gemoedstoestand van die psalmdigter.

- In die eerste drie verse gee hy uitdrukking aan sy ondraaglike nood en verlatenheid.
- Sy haglike omstandighede van siekte en lewensgevaar en teëstand deur sy vyande het onhoudbaar geword.
- En boonop lyk dit asof die Here afsydig teenoor hom staan.
- Tot viermaal toe hoor ons die klag en die verwyf: "Hoe lank nog, Here?" Hoe lank sal U my vergeet? Hoe lank sal U vir my U aangesig verberg?
- Die wroeginge skeur uit sy siel: Hoe lank nog, Here?

Maar dan, plotseling die keerpunt:

- Eers sy gebed: "Here, my God — verlig my oë!"
- Dan sy onwrikbare geloofsvertroue: "op u goedertierenheid vertrou ek" — ek hou vas aan u troue liefde!

Nog voordat daar aan sy droewige omstandighede enigiets verander het, ervaar hy reeds die verhooring op sy gebed konkreet in sy hart.

Hy het gebid om die verligting van sy oë, sodat hy die hand van die Here kan sien in alles wat oor hom gekom het. Hy wil nie soos 'n slaapwandelaar, los van God sterwe nie, maar hy vra insig in die wyse waarop die Here met hom werk.

Verlig my oë!

En die lig waarom hy gebid het, breek meteens deur!

Nog steeds verstaan hy nie die beproewing op sy lewenspad nie. God se heilige oogmerke daarmee, gaan sy menslike verstand te bowe.

Dit bly onbegryplik waarom die Here só met hom handel.

Maar tog besef hy dat God se weë hoër is as ons weë. Hy besef dat God 'n gewisse doel voor oë het met al die sorg en al die swaarkry. Hy besef dat vir diegene wat God liefhet, alles ten goede sal meewerk.

Al is sy situasie nog net so kritiek, het die "vrede van God wat alle verstand te bowe gaan" oor hom neergedal.

Deur sy gebedsworsteling is 'n nuwe lewenskrag in hom gewek,

- 'n nuwe rus in sy hart geskep,
- 'n nuwe kalmte in sy gemoed tot stand gebring. Die Here het sy oë verlig!

En nou maak die onsekerheid plek vir vertroue. Die vertwyfeling word vervang met geloof. Die onrus word kalme rustigheid.

Die verwyte wat daar in sy hart was, verander in lofprysinge:

" . . . op U goedertierenheid vertrou ek;
my hart sal juig oor u heil."

Die Here het aan my goed gedoen!

Hierdie heil, hierdie uitkoms, hierdie verlossing het God in Christus bewerk vir elkeen van Sy

kinders wat in Hom glo, wat dit van Hom af bid en wat in die grootste nood aan Hom bly vashou.

- Al is my lewe vol lyding.
- Al voel dit dikwels asof God heeltemal afsydig staan.
- Al keer die wêreld sy rug op my, en al word ek deur my vyande bespot.
- Al skreeu dit in my binneste: Hoe lank nog Here, gaan U my bly vergeet?

Deur gebedsworsteling en deur geloofsoorgawe vind ek weer rus vir my siel.

As ek in my donkerste lydensnagte nog kan bid:

"Here, my God, verlig my oë!" — dan sal ek spoedig tot die oortuiging kom:

. . . op U goedertierenheid vertrou ek" — en my hart sal juig oor die heil wat God in Christus aan my geskenk het.

— *Ds. Pieter van der Walt*

God het ons lief

'n Mens is gemaak om bemin te word. Sonder liefde kan geen mens ten volle lewe nie.

- Kyk maar net hoe afhanklik is 'n kindjie van sy ouers se liefde.

En nou sê die Bybel vir ons:

God het ons lief! Dit staan op honderde plekke: "Ek het jou lief, sê die Here".

En die bewys van God se liefde is: JESUS CHRISTUS!

Hy het sy enigste Seun gegee om te ly en te sterf vir sondaarmense!

"Groter liefde is daar nie as dit, dat iemand sy lewe vir ander gee nie"

— dit het Christus vir jou gedoen!

In Sy groot liefde vir ons, gee God alles . . .

Hy gee sy beste.

En aan Sy liefde is daar geen einde nie.

- Hy het ons lief, selfs al is daar soveel liefdeloosheid van die mens se kant af.
- Hy het ons lief, selfs al ignoreer en beantwoord die mens nie God se liefde nie.

Ons moet nou God se liefde beantwoord deur:

- kerk toe gaan
- gereeld ons Bybels te open en daaruit te lees
- te volhard in gebed.

Dan is God deur sy liefde . . .

— ons Meester, wat ons gehoorsaam

— ons Lig, wat ons sien en volg

— ons Weg, wat ons bewandel

— ons Lewe, wat ons begeer

— die Wysheid, wat ons glo

— die Ewige, wat ons vertrou

— die Genadige, wat ons help en ondersteun

— die Regverdige, wat ons vrees.

En as ons op God se liefde reageer en dit beantwoord, dan eers word godsdien's 'n vreugde en sien ons Sy groot en onbeskryflike liefde vir ons in Jesus Christus.

En uiteindelik sal sy Liefde ons dra deur die lewe . . . deur die dood . . . tot in ewigheid!

— **Ds. Nico Ligthelm**

Ek het u hartlik lief, Here

Het jy die Here uit jou hart uit lief? Kan jy dit ook hardop in jou gebed sê?

- 'n Man wil graag van sy vrou hoor dat sy hom liefhet.
- 'n Vrou wil dit by haar man hoor.
- 'n Kind wil dit by sy ouers hoor.

WAT VAN DIE HERE?

Dawid begin Psalm 18 met die woorde: "Ek het die Here hartlik lief." Hy het die Psalm gesing nadat hy van Saul en ander vyande verlos is.

Nou mag u dink dat dit vir Dawid maklik was om hierdie woorde te sê.

- Dit gaan dan goed met Dawid.
- Hy is van sy vyande verlos.
- Hy het rede om vir die Here lief te wees.

Dan het ons nog nie mooi geluister na wat Dawid alles gesê het nie.

Ons mag nie dink dat Dawid se lewe maanskyn en rose was nie. Vir 'n groot deel van sy lewe was hy 'n vlugteling. Hy sê: "Bande van die dood het my omring, en strome van onheil het my oorval." (Psalm 18:5). Juis toe hy in die nood was het hy die Here al as die lofwaardige aangeroep. Die Here het Dawid in sy nood gesien. As Dawid by die Here kom skuil in sy moeilike omstandighede, leer Hy die Here juis beter ken. Hy sê die Here het hom uitgelei in die ruimte (Psalm 18:20). Hy kon weer asem skep en voluit lewe.

Die Here roep u nader. Deur sy kneg Dawid wil Hy u oë oopmaak dat u kan sien dat Hy sy kinders werklik versorg. Naby die Here kon Dawid bo sy moeilike omstandighede uitstyg. Hy kon sê: "Want met U loop ek 'n bende storm, en met my God spring ek oor 'n muur." (Psalm 18:30).

As Hy die Here Jesus na hierdie wêreld stuur, wys Hy daarin sy liefde. In sy liefde soek Hy sondaars op.

- Die Here Jesus kom nie na 'n wêreld waar die rooi tapyt vir Hom oopgerol word nie.
- Hy kom tussen die chaos en sondevuil van ons ellende in om ons na God terug te bring.
- By Hom alleen vind ons beskerming as Hy ons omarm.

Die deurmekaar wêreld het nog nie anders geword nie — net: God versorg sy verlose kinders. Volgens Johannes 17 bid die Here Jesus nie dat sy kinders uit die wêreld uitgeneem moet word nie, maar dat die Vader hulle in hierdie wêreld sal bewaar. Die Satan sal kom, ons vyande kan kom, maar niemand kan Sy kinders uit Sy hand losruk nie.

Dit kan ook vir u moontlik word om weer saam te jubel: "EK het u hartlik lief, Here".

- Staan jy nog ver van die Here.
- Kom dan nader.
- Deur Jesus het ons toegang tot die Vader.
- Hy bedek ons sondevuil sodat ons nie hoef terug te skrik nie. = Soek en dien Hom.
- Hy versorg en beskerm sy eie.

- Ds. P.A. Odendaal